**Donderdag 30 Julie**
**Skrifgedeelte: Nehemia 2:4-11**
**Fokusgedeelte: Nehemia 2:9**
**God se lankmoedigheid met sy volk: God werk stil en getrou**

Nehemia se roeping om Jerusalem se mure te herbou, begin in stilte – met ’n gebed, ’n wagperiode, en toe ’n gesprek met ’n heidense koning. In hierdie proses sien ons die geduldige hand van God. Hy straf die volk vir hulle sonde, maar laat hulle nie vaar nie. Sy lankmoedigheid gee nie net ’n tweede kans nie, maar beplan die herstel lank voor hulle dit raaksien.

In vers 9 sien ons hoe God voorsien: die koning stuur nie net briewe (sy volmag) nie, maar ook beskerming (soldate). Hierdie voorsiening is nie toevallig nie – dit is die vrug van God se trou en genade. Hy gebruik selfs wêreldse magte om sy volk te help.

Soos Nehemia deur die koning gestuur is met gesag en beskerming, is Jesus deur die Vader gestuur met die opdrag om die gebroke “stad” van ons harte te herstel. Christus bring nie net ’n plan nie, maar Hy word self die fondament van die nuwe stad van God. Waar Nehemia fisiese herstel bring, bring Christus geestelike verlossing, versoening en nuwe lewe. Nehemia se sending bring hoop vir Jerusalem – Christus bring ewige hoop vir die wêreld.

God se lankmoedigheid gee ons tyd om te hoor, om te wag, om op te staan. Dalk wag jy al lank vir deurbrake of roeping – maar God is aan die werk. Sal jy sy stem hoor en opstaan, soos Nehemia? Christus het gekom, en Hy roep jou om saam met Hom te bou aan dit wat verlore was.

God se lankmoedigheid beteken Hy werk selfs wanneer ons dit nie raaksien nie. Hy bou, beplan, en stuur ons hulp, soms selfs deur onverwante bronne. Sal ons Hom vertrou, selfs in die stil tye? En sal ons, soos Nehemia, getrou opstaan om deel te wees van God se herstelplan in Christus?

*Sing: Psalm 46-1: 1, 6*
*Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)*